Process Safety Beacon 20 YEARS ANNIVERSARY
Boodskap aan bedryfspersoneel
www.aiche.org/ccps/process-safety-beacon
An AIChE Technology Alliance CCPS Center for Chemical Process Safety
aiche.org/ccps
This issue sponsored by DEKRA
www.dekra.us/process-safety

# Proses veiligheids lesse van 'n brand op 'n skip

April 2022





Op 12 Julie, 2020 het 'n brand uitgebreek op die VSA skip USS Bonhomme Richard in die hawe van San Diego, California. Die brand het oor 5 dae versprei na 11 van die 15 dekke van die skip met temperature van tot 760 grade C. Die skade was $3 biljoen en die skip is afgeskryf.

Die VSA vloot het 'n ondersoek gedoen na die brand en 15 ander brande oor 15 jaar op skepe voor dit. Die uitslag van die ondersoek dui daarop dat die oorsake herhalend was, beide in hoe dit ontstaan het en hoe dit uitgebrei het. Die oorsake is ook van toepassing op die chemiese bedryf, beide in hoe die brande ontstaan en hoe dit uitbrei.

Verwysing: "Major Fires Review Executive Summary, Commander, U. S. Fleet Forces Command and Commander, US Pacific Fleet, July 15, 2021 (Release October 19, 2021). https://www.documentcloud.org/documents/21089015-for-release-major-fires-review-19-oct-21

## Het jy geweet?

Die bevindinge van die VSA Vloot se ondersoek is ook van toepassing op die chemiese nywerheid en sluit in:

- Unauthorized materials were brought onto the ship.
- Ontoelaatbare materiale is aan boord van die skip gebring.
- Vlambare en brandbare materiale is nie korrek gestoor nie.
- Prosedures is nie gevolg nie en inspeksie programme was oneffektief.
- Groot hoeveelhede brandbare en gevaarlike materiale is gestoor in draagbare houers sonder dat hulle die brandrisiko verstaan het.
- Daar was geen risiko analise, goedkeuring of toesig oor sweiswerk nie, en daar was geen planne of voorsiening vir brandgevare tydens sweiswerk nie.
- Werkers het nie geweet hoe die brand detektors of brand smoor stelsels of nood kommunikasie sisteme werk nie.

## Wat kan jy doen?

- As jou aanleg vlambare, brandbare of ander gevaarlike materiale in houers gebruik, Maak seker dit word behoorlik in geskikte areas gestoor volgens regulasies en standaarde vir die stoor van sulke materiale.
- Stuur materiaal wat oorgebly het na produksie dadelik terug stoor toe waar dit veilig
- Stuur materiaal wat oorgebly het na produksie dadelik terug stoor toe waar dit veilig gestoor kan word.
- Volg die prosedure vir warm werk permitte noukeurig
- Kyk bietjie weer deur vorige Beacons waar daar oor Warm Werk Permitte gepraat word. (6/2018, 5/2020, 8/2020, 8/2021, 3/2022, search www.aiche.org for "Beacon").
- Neem deel aan noodplan oefeninge en rapporteer enigiets wat verbeter kan word sodat die noodplanne opgedateer kan word.
- As jou aanleg nie onlangs 'n noodplan oefening gehad het nie, stel voor dat een gedoen word.
- Kyk deur die verslag van die VSA Vloot oor brande op skepe en kyk vir lesse wat dalk van toepassing kan wees vir jou aanleg.

**Kyk uit vir proses veiligheids lesse in die nuus!**

©AIChE 2022. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or +1 646-495-1371.